Wys my die weg, Here

# Leef Geesgedrewe

## Bybelteks

*Almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is kinders van God. Julle het … die Gees ontvang wat bevestig dat ons tot kinders aangeneem is, en deur Hom roep ons "Abba, Vader!" Die Gees self getuig teenoor ons gees dat ons kinders van God is.*

**– Romeine 8:14-16**

## Kernwaarheid

**Ons is kinders van God en word geroep om anders as die wêreld te leef. Die Heilige Gees help ons hiermee.**

### WELKOM

Hoe lank kan jy jou asem ophou?

### WONDER

- Wat is die verskil tussen "vlees" en "Gees" soos Paulus dit hier gebruik?
- Hoe lyk 'n lewe waar 'n mens "met die leiding van die Gees leef"?
- Voel jy soms soos 'n slaaf van sekere gewoontes, vrese of verwagtings? Verduidelik jou antwoord.

- Hoe behandel jy ander mense wanneer hulle foute maak? En jouself wanneer jy foute maak?

- Wat help jou om met die leiding van die Gees te leef? Dink aan gebed, Bybellees, mentors, musiek, en so meer.

## WEES

Dink aan die video wat julle gekyk het.

- Wat val jou in die video op oor die Heilige Gees?

- Hoe help dit jou om God se teenwoordigheid in die wêreld te verstaan?

## WEGSTUUR

Doen hierdie week moeite om jou lewe in te rig volgens dit wat God van ons verwag. Gaan soek 'n prentjie op YouVersion of Pinterest wat jy as jou "lock screen" kan gebruik om jou daagliks te herinner dat jy 'n Geesgedrewe lewe moet lei.